Bybelstudie: God se Naam bo alle Name

Jy kan as inleiding die kort video kyk wat ek gemaak het oor die belangrikheid van God se naam. Hier is die skakels daarna: https://youtu.be/r7uE4DkLhCQ

Name was nog altyd baie belangrik en saam met name kom ook reputasie. Jou naam is grootliks ‘n identifikasievorm en as iemand jou naam en van hoor, behoort hulle verhale oor jou te kan vertel. Vir God is dit geen uitsondering. Sy Naam is vir Hom net so belangrik. Aan Sy naam word Hy geken. Ons vind in die Bybel dat God Hom veral voorstel as Jahwe, dat Hy die Een is wat is. Hy sê dan ook vir Moses, as die mense vra wie Ek is, sê vir hulle “Ek is” het jou gestuur (Eks. 3:14).

Ons vind ook dat mense aan God bepaalde name toedig na mate hulle bepaalde ondervindinge met Hom opgedoen het. Hulle sal byvoorbeeld Hom ervaar as Herder, Almagtige of selfs Heilige. Vir elkeen van daardie bepaalde ervaringe gee hulle vir Hom ‘n spesifieke naam.

Bepeinsing: Dink vir ‘n paar oomblikke na oor jou eie naam en hoe jy dink mense oor jou dink as hulle jou naam hoor.

Vraag: Hoe ervaar jy God? As jy ‘n naam aan Hom sou toedig, wat sou dit wees?

Vir elkeen van ons is dit belangrik dat jy ‘n goeie naam sal hê. Daarmee bedoel ek dat mense positief oor jou sal dink as hulle jou naam hoor. Ons reputasie is tot ‘n groot mate gekoppel aan ons name. Dieselfde geld vir God. Sy naam is vir Hom net so belangrik. Sy naam is ‘n ekstensie van Homself. Hy stel Homself immers bekend aan mense deur Sy naam te noem. Mense ervaar verskillende eienskappe van God en gee vir Hom ‘n bepaalde naam. Al die name van God help bou aan wie Hy is. Ja, natuurlik sal dit nooit die volheid van God kan saamvat nie, maar dit help ons om deur die lewe te gaan.

Een ding is belangrik om te besef as jy deur die bladsye van die Bybel blaai en dit lees: Dit gaan alles oor God! Ek wil dit weer herhaal: “Dit gaan alles oor God”. Die mensdom het homself so opgehemel en deur die eeue so skeefgetrekte persepsie begin ontwikkel en begin dink en leef asof alles net om hulself (die mensdom) gaan.

Vraag: Stem jy saam dat ons in ‘n skeefgetrekte samelewing leef waar alles nie meer oor God gaan nie, maar eerder oor die mens?

Van die begin van die Bybel af het God die mens geskep tot Sy eer en wou Hy op so manier met die mens werk dat die mens ook vir Hom sal lief wees en deur sy doen en late eer aan die Here bring. Deur die mensdom se optrede word God verhoog. Deur Abram begin God egter met

‘n “nuwe volk”, ‘n volk waardeur Hy op besondere wyse kan werk. ‘n Volk waardeur sy Godheid na vore kan kom. ‘n Volk waarin Sy naam sal voortleef en ander volkere Hom ook sal leer ken vir wie Hy is.

God sukkel egter met Sy volk (Israel). Hulle is verteenwoordigers van Hom, van wie Hy is en van Sy naam. Tog lees ons hoe hulle keer op keer weerbarstig is, ongehoorsaam deurdat hulle ander gode aanbid en glad nie leef tot Sy eer nie. Dis asof hulle dink, omdat hulle God se volk is, Hy hulle altyd sal beskerm en hulle nooit Sy naam gestand hoef te doen nie.

God voel egter dat deur hulle optrede doen hulle (Sy volk) afbreek aan Sy naam en reputasie. Onthou dat ons gesê het dat alles oor God gaan en nie oor die mens nie.

In Esegiël 36:16vv vind ons dat God deur die profeet met die volk praat. God is baie ongelukkig oor die wyse waarop die volk optree.

Lees eers Esegiël 36:16-23

Vanuit die gedeelte kom jy duidelik agter dat God ongelukkig is. Sy naam word as’t ware deur die modder gesleep deur die volk. Hoe hulle optree is glad nie bevorderlik vir Sy naam nie. Hulle ontheilig Sy naam. Sy naam word ‘n bespotting, en dit skep die teendeel by die ander volkere. Israel moes deur hulle optrede die ander volkere laat sien dat God groot en Almagtig is, maar nou is hulle ‘n vernedering vir Hom. Die ander volke lag vir as’t ware in hulle mou vir God.

<u>Vraag</u>: Tot watter mate is jou optrede bevorderlik vir God se Heilige Naam en reputasie? Is daar iets aan jou gedrag wat jy kan verander om God se Naam meer te heilig?

Tog besluit God, tot hiertoe en nie verder nie. Ek gaan nie dat My naam verder ontheilig word nie. My reputasie word deur my volk deur die modder gesleep. Hy besluit om weereens in te gryp soos Hy al verskeie kere gedoen het. Die volk word versprei onder ander volkere (ballingskap), maar dit help ook nie, dis asof hulle net voortgaan.

<u>Lees vers 20</u>. Kom jy agter wat die optrede van die ander volke is?

In vers 21 sê die Here dit baie duidelik dat Hy begaan is oor Sy heilige naam. Sy reputasie is belangrik.

In vers 22 sê die Here dat Hy gaan optree ter wille van Sy naam en reputasie. Let mooi op, die Here gaan nie optree ter wille van Sy volk nie, maar ter wille van Sy naam. Dis ‘n belangrike brokkie inligting. Onthou dit gaan nie oor jou nie, maar oor God.

In vers 23 sê die Here duidelik dat Hy die heiligheid van Sy groot naam sal laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het. Die laaste deel van vers 23 is ook belangrik...wanneer God opgetree het sal die resultaat wees dat elkeen sal besef dat Hy die Here is.

Vraag: Dink jy nie dat die Here dit ook steeds wil hê jou lewe nie? Hy wil deur jou lewe erken word as die Here!

Lees Esegiël 36:24-38

In hierdie gedeelte beskryf die Here wat Hy gaan doen om die Sy naam te herstel. Kyk hoeveel keer die woorde *"Ek sal"* voorkom. Dit dui op die Here se regstellende reaksie om Sy Naam en reputasie in ere te herstel. Hy bring Sy volk weer bymekaar, toon genade aan hulle, maar dis nie oor hulle nie, maar oor Sy naam wat Hy dit doen.

Vraag: Dink jy somtyds toon die Here ook genade aan ons ter wille van Sy naam en nie soos ons baie keer dink ter wille van ons nie? Dis dalk 'n ander perspektief waaraan ons nie elke dag dink nie.

Hierdie gedeelte in Esegiël 36 is 'n baie besondere gedeelte en lees dit gerus aandagtig deur en maak die beloftes van veral vers 25-27 jou eie.

Aan die einde van vers 38 sê die Here*: "...Dan sal Israel besef dat Ek die Here is"*

Vraag: Leef jy dan ander deur jou optrede sien dat die Here leef en dat Hy Here oor jou lewe is?

In die Nuwe Testament lees ons in Filippense 2:9-11 dat die Here se reputasie en Naam ook herstel is deur die daad van Jesus se totale gehoorsaamheid aan die kruis.

Lees: Fil. 2:91-11.

Vraag: Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte?

Vraag: Hoe verbind jy hierdie gedeelte met die gedeelte in Esegiël, wat is die ooreenkomste?

Mag jy elke dag die Naam van die Here ophef deur jou optrede. Onthou jy het die Heilige Gees ontvang en Hy is gestuur om jou te ondersteun om tot eer van die Here te leef.

Bepeins: Dink na oor die rol van die Heilige Gees in jou lewe

Mag jou lewe gekenmerk word as iemand wat die Here se Naam hoog ag. Mag jy die werking van die Heilige Gees in hierdie opdrag ervaar.

Groete Dr. Jean Strydom